

Nabetrugting Boodskap Sondag 17 Mei 2020

//Voortaan gaan ons elke Maandag die Boodskap van die vorige Sondag in nabetrugting belig. Ek doen dit hier met dr. Philip Venter se Boodskap van Sondag 17 Mei 2020, maar vorentoe gaan ek gereeld ander persone vra om die boodskap te belig. Dit is nie 'n poging om die boodskap te verbeter of te kritiseer nie – dit is nie nodig nie – maar om die toepassing daarvan in getuienis en beleving wyer te strek. Ek meen dit gaan nie net interessant wees om ander se beleving van die preek te sien en te hoor nie, maar dit gaan ook meer perspektiewe aanbied en die boodskap verryk. Die doelwit vorentoe is om elke Boodskap as dagstukkies vir die hele week aan te bied. //

Sondag se boodskap se fokuspunt met die Teks soos in Prediker 4:9-12 as verwysing was dat ons mekaar nodig het. Dr. Philip het 'n alledaagse analogie van 'n warmwatersilinder wat moeilikheid gee gebruik om die boodskap in te kleur. Verskeie fasette van die hulp wat elkeen van ons in die lewe benodig, is belig soos byvoorbeeld kundigheid en die ekonomie. Uiteindelik beklemtoon die boodskap dat ons veral mekaar as medemenslike benodig, nie net vir praktiese hulp nie.

In die gebruik van sy ervaring toe sy woonplek se warmwatersilinder nie meer werk nie, vra hy tegniese hulp van 'n kundige wat per toeval siek is. Die hulp wat hy van Johann die dorps se handige man kry is nie net die reparasie-riem nie, maar ook medemenslikheid as Johann self sy gesig kom wys al is hy siek. Almal wat al met 'n warmwatertoestel gewoel het, sal weet daar is baie tegniese detail daaraan verbonde – net soos dr. Philip self uitgevind het. Die lewe is nog meer ingewikkeld en deurmekaar as wat 'n warmwatertoestel is. Soms dan skop elkeen van ons se krag ook uit en vra dit ondersoek en eliminering om agter die kap van die byl te kom.

Net soos die Prediker vertel kom ons dan agter dat almal soms val en dan iemand nodig het om jou weer op te help. Of dit nou is om jou te troos of 'n werkjie te verrig, maak nie saak hoe groot of klein nie, word hulp benodig. Sou jy probeer om self reg te kom, kom jy gou agter dat jy veel tyd en geld mors en steeds nie iets herstel het nie. Maar as jy hulp aanvaar, kry jy meer as net die oplossing – vriendskap word versterk, verhoudings word gebou en medemenslikheid word 'n getuienis van goedgesindheid.

Dit is soos Paulus vertel in sy analogie van gelowiges wat is soos 'n liggaam funksioneer. Daar is baie dele wat saamwerk om die geheel te laat werk. Die hand kan nie die voet wees nie en die geheel sukkel maar sonder 'n voet of hand. Paulus wys ook daarop dat die dele wat sommer lyk asof hulle bydra maar klein is, sal gou vir jou hulle groot belang het wys – iets wat almal weet as jy tandpyn kry. Dit help ook nie gaan sien die motorwerktuigkundige as jou tand of toon pyn nie.

Die lewe is so saamgestel dat verskeidenheid orals voorkom. Om soos die minister van onderwys te meen dat skole se voedingsprogramme nie onder druk is omdat die kos aangekoop word by die groot winkels en nie by landbouers nie, is om die bal heel mis te slaan. Die winkels sal niks te koop aanbied as dit nie aan hulle verskaf word nie. So is 'n gemeente 'n gemeenskap van gelowiges wat toegerus word om liefdevol en hulpvaardig te leef. Die kerk is nie 'n nie-regerings-organisasie wat barmhartigheid bedryf nie, maar sy lede toerus om barmhartig en liefdevol te lewe van die voorbeeld van Christus.

In die verskeidenheid van die skepping is daar altyd in jou omgewing iemand wat jou kan bystaan, net soos jy met jou unieke gawes en talente weer iemand anders kan bystaan. Aan die een kant is daar altyd 'n Johann Gelant en aan die ander kant is jy ook weer iemand anders se handige man of vrou. Die een

hand was die ander. Geen mens is 'n eiland nie. En dit alles word dirigeer deur die Gees van Christus wat die hoof van sy liggaam op aarde is.

As mens nou die wesenlike van hierdie boodskap in mense terme wil absorbeer, dan sal jy grootliks gehelp word deur die liedjie van Herman van Veen 'Een vriend zien huilen'. Nie net is dit 'n treffende melodie nie, maar die woorde spreek boekdele vir die hart: *De tederheid is overladen, En de illusies zijn doodziek. Natuurlijk laat zich alles kopen, Voor wie er maar het meeste biedt, En worden bloemen stukgelopen, Maar een vriend zien huilen... kan ik niet.*

Net so is die ander liedjie, uit eie bodem, wat dr. Philip saam met boodskap gebied het – die liedjie 'Staan My By' van die Radio Kalahari Orkes inspirerend: *Want jou gees is moeg en jou liggaam pyn, dan kom ek jou haal, dan kom ek vir jou sê, my vriend, o my vriend, ons moet nooit gaan lê, tot die bitter end, tot die son uitbrand, tot die see opdroog, anderkant die vêrste anderkant.*

Gewis kan ons weet dat twee beter as een vaar, of in die negatiewe dat as een wat alleen is val, is daar niemand op jou op te help nie. Jy het iemand nodig en iemand het jou nodig – dit is wat Jesus vir ons kom wys het. Hoe sal ons in die praktyk van Calitzdorp uitvoering aan hierdie stuk Blye Boodskap gee? Ek nooi almal uit om hulle ervaringe van hierdie beginsel vir ons aan te stuur – die gaan ons weer plaas elke week as deel van Padkos sodat ons mekaar kan inspireer. Vir 'n begin luister sommer weer na dr. Philip se Boodskap – mens hoor altyd nuwe dinge as jy weer luister en die voordeel van ons elektroniese era is dat ons dit deesdae so kan aanbied.

Sodra ons webwerf gevestig is, sal ons al hierdie inligting daaraan koppel.

Ek groet tot volgende keer.